# ECHO OF HIS CALL

AFRIKAANS

## EGGO VAN SY ROEP

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in 16 languages

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* Sr. Marietjie Nelson

Vol. XV | YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, APRIL 2022 | No. 10


## DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

1 Johannes 4:7-14

7. Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God.
8. Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde.
9. Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê.
10. Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.
11. Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê.
12. Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik.
13. Hiéraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee.
14. En ons het gesien en is getuie daarvan dat die Vader die Seun as Redder van die wêreld gestuur het.

# DIE KRUIS VAN JESUS!

"Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God" - (1 Korintiërs 1:18).

Br. M. Paulraj

Vroeër is 'n kruis beskou as 'n simbool van vervloeking. Maar as gevolg van die kruisiging van Jesus Christus het dit nie langer 'n simbool van vervloeking geword nie, maar van redding en liefde. Vandag dra miljoene mans en vroue 'n kruis om die nek as 'n teken van liefde en seën. Die Bybel sê, "**Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is**" (Galasiërs 3:13). Maar Jesus Christus het dit 'n teken van redding en liefde gemaak! Jesus het nie gekies om aan die kruis te sterf nie, maar die Jode en die Romeine het hierdie straf op Hom afgedwing en Hom soos 'n misdadiger behandel.

## HOE SIEN DIE WÊRELD DIT?

Hoe sien die wêreld die dood van Jesus aan die kruis? Die 20ste-eeuse Engelse digter en filosoof, T.S. Eliot, het gesê, "Die kruis is die simbool van die hoogste offer. Dit is 'n simbool vir die hele wêreld. Die kruis is 'n nalatenskap aan die wêreld vir alle tye". Indië se groot filosoof, Dr. S. Radha Krishnan het gesê, "Die kruis is die simbool van smart en lyding"; Thomas A. Kempis, 'n 15de-eeuse digter en filosoof sê in sy boek, Imitatio Christi "Die kruis is redding, die kruis is lewe, die kruis is die beskerming teen ons vyande, die kruis gee die goedheid van die hemel, die kruis is die toppunt van goedheid en die kruis is volmaakte heiligheid". Volgens Paulus is die kruis vir dié wat gered word "die krag van God".

Baie wêreldse mense beskou die boodskap van die kruis as dwaasheid. Maar vir ons, die gereddes, is dit die krag van God. Ons put inspirasie daaruit om oor die kruis te mediteer.

## DIE AAKLIGHEDE VAN KRUISIGING!

Jesus het geweet dat Hy aan die kruis sou sterf, want dit was die maksimum straf wat oor misdadigers uitgespreek is. Jesus is deur die onverbiddelike Jode en Romeine as 'n misdadiger beskou. Vir die Jode was Hy iemand wat die wet teengestaan het en 'n bedreigingwas vir hulle eeue-oue tradisies. Die Romeine wou die Jode paai vir hulle volgehoue oorheersing. Jesus het geweet van

*... verv. op bls. 4*

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)



## van julle geliefde broer...

"...as jy glo, sal jy die openbaring van die wonderbaarlike mag van God sien"
- (Johannes 11:40).



### Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


CHIEF EDITOR
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

ADMINISTRATION
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager

EDITORIAL BOARD
Sis. Jesy Veena Sam
Bro. M. Paulraj, M.A., B.Ed.
Sis. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.

EDITOR, PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 95661 31858

E.mail ID
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

WEBSITES
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com

YOUTUBE CHANNEL
Echo of His Call


Geliefdes in die Here,

Ons groet julle in die Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.

Dit is deur julle volgehoue gebed en ondersteuning dat al ons bedienings, veral ons Gebedsbediening, ons Maandelikse Koerant in 16 tale, Kerkbedienings, Bybelkolleges, aanllyn Hindi Bybelkollege, Korrespondensiekursusse, Evangeliese Drukpers, Kinderbediening, Hospitaalbediening, en Village High School goed funksioneer. Ons loof God vir al sy genade.

In die laaste tyd ondervind ons baie teenstand en struikelblokke op baie maniere teen ons Evangeliese werk en ook teen ons evangeliewerkers. Wanneer ons mooi daarna kyk, besef ons dat die mense wat hierdie moeilikhede veroorsaak in hulle jonger dae heelwat hulp gekry het van kerke en aan Christelike inrigtings gestudeer het. Hulle is selfs trots daarop om die name te noem van sulke Christelike skole en kolleges waar hulle hulle opvoeding gehad het. Maar nou haat hulle Christelike liefdadigheidsorganisasies en kerke.

Wat is die rede agter hierdie haat? Wanneer ons dieper hierop ingaan, begryp ons dat 'n deel van die blaam op ons rus, aangesien ons dienaars van God en opvoeders in daardie tyd nie op hulle harte gedruk het hoe belangrik dit is om eerlik te wees en medelye aan almal te bewys nie. Hulle het ook nie met ware toewyding opgetree nie!

Kom ek verduidelik dit met 'n voorbeeld. In die staat se hoërskool waar ek gestudeer het, was daar 'n onderwyser genaamd mnr. Thomas, 'n lid van die Katolieke kerk en 'n ander onderwyser met die naam van mnr. Johnson, 'n lid van 'n ander Christelike Kerk. Hulle het 'n hoë standaard gestel in hulle wyse van onderrig, belangstelling en talent. Hulle het 'n goeie voorbeeld gestel in hulle optrede, kleredrag en maniere. Baie studente het hulle eienskappe ingedrink en uit daardie opvoedkundige inrigtings gekom as manne van goeie karakter met 'n ware respek vir God. Ek is ook een van hulle.

Aan die ander kant sien ons baie mense wat in Christelike skole en kolleges gestudeer het en party wat Christelike kerke bygewoon het net om hulp te kry. Baie mense wat 'n nuwe lewe gekry het deur die mediese behandeling wat hulle van Christelike hospitale gekry het, haat nou die woord van God en staan sy dienaars teë! Dit is vanweë die tekortkominge van Christene, Christenwerkers en Christelike opvoeders. 'n Groot deel van die fout berus by ons. Ons het nagelaat om hulle Christus te laat indrink.

Our Ministries: ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) Online Courses Theological Correspondence Courses (2 languages) Church Planting Nehemiah Bible Colleges Gospel Printing Press Great Commission Partners St. Paul's Matriculation School Crusades Community Development

In die toekoms moet ons as Christene verstaan wat is die werklike roeping van God vir ons lewens, ons moet 'n goeie voorbeeld stel in ons gebedslewe, wys optree en liefdesdiens doen sodat die mense wat ons sien, dieselfde sal doen en godvresend sal wees. Ons dienaars van God en onderwysers in skole en kolleges moet ware Christelike lewens lei wat ons Here Jesus Christus op alle terreine van ons lewens vertoon. Alleen dan kan ons verwag dat mense waarlik vrygemaak sal word van alles wat hulle bind.

**"...Julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak"** – Johannes 8:32.

Laat die familie van **Echo of His Call** dit in hulle harte bêre en in hulle gebede onthou!

Julle dienaars in Christus Jesus,

PASTORE S. SAM SELVA RAJ & ALEX SAMSON SAM
(+91) 98412 71858 / 98410 71858, E.mail : samselvaraj333@gmail.com

## Nuus van die Nehemia Bybelkollege

Ons bedienings is in 'n groot mate ekonomies geraak deur Covid 19 gedurende die laaste paar jaar. Deur God se genade probeer ons al die moeilike situasies te oorkom. Alle eer aan God.



Volgens die norme wat voorgeskryf word deur die Asia Theological Association (ATA),waarby ons kollege gemagtig is as 'Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap' is ons veronderstel om 'n behoorlik toegeruste biblioteek te hê met tenminste 8,000 boeke vir ons studente se daaglikse gebruik. Ons het reeds 2,000 boeke gehad. Ons het geen bronne gehad om die oorblywende boeke te koop en in stand te hou nie. Maar ons het al vir 'n lang ruk gebid vir hierdie behoefte.

In antwoord op ons gebede het 'n vriend van ons byna 4,000 boeke geskenk. Met groot inspanning kon ons 18 staalrakke koop deur God se genade en hulle veilig en in orde hou.

Nou moet ons die titels en ander besonderhede oor hierdie boeke insleutel op rekenaar en dit behoorlik in stand hou wat groot finansiële uitgawes en harde werk behels. Ons het reeds moeilikheid om die maandelikse uitgawes te behartig vir die ondersteuning van ons Nehemia Bybelkollege se fakulteitslede, pastore en werkers, uitgawes vir papier om op te druk, die koste van benodighede vir die Drukpers, reiskoste, ensovoorts. Ons maak nie ons behoeftes vir sulke dinge bekend nie. Maar ons dek elke maand hierdie uitgawes deur die beoefening van groot geloof en gebede en deur baie inspanning. Op hierdie tydstip het ons die volgende dringende behoeftes om die boeke te rekenariseer en onderhou en tot beskikking te stel van studente van die Nehemia Bybelkollege:



| | | |
|---|---|---|
| 1 | Twee rekenaars - elkeen kos 55,000 Roepees | 110,000 Roepees |
| 2. | Sagteware vir die rekenaars | 20,000 Roepees |
| 3. | Om die nodige inskrywings van die boeke in te sleutel | 30,000 Roepees |
| 4. | Ander uitgawes | 10,000 Roepees |
| | **Totaal** | **170,000** Roepees |

Ons ondervind probleme om in hierdie dringende behoeftes te voorsien. Bid asseblief opreg met 'n las vir hierdie behoefte. As die Here dit in jou hart gee, mag jy ons help deur 'n bedrag te skenk of een van die bogenoemde behoeftes of die hele bedrag. Dis nie ons gewoonte om ons vriende te dwing om ons te help nie. Ons deel hierdie dinge met julle omdat julle ons medewerkers is. Moet ons asseblief nie verkeerd verstaan nie. Bid asseblief oor hierdie versoek.

Ons bid ook vir julle. Mag die Here Jesus Christus julle meer en meer seën!

- Redakteur.

verv. v. bls.4

sy dood voor sy kruisiging. Hy het dit vir sy dissipels gesê. Maar hulle het dit nie op dié tydstip ernstig opgeneem nie. Want hulle liefde vir hullle Meester het hulle oë en hulle begrip verblind.

'n Mens wat tot die dood veroordeel was, is erger as 'n dier behandel. Niemand het vir hulle omgegee nie. Voor die kruisiging is die veroordeelde misdadiger gewoonlik genadeloos geslaan met swepe op die blote liggaam. Aan die einde van die sweep was daar 3 of 4 stroke met stukkies been of yster aan. Hulle het meesal 39 houe toegedien op die rug en dit kon herhaal word. Dit het die misdadiger byna leweloos gelaat. Jesus het dieselfde straf gekry hoewel Hy niks verkeerd gedoen het nie. Die Rmeinse goewerneur, Pilatus, het verklaar: "Ek vind geen skuld in Hom nie". Maar die skrifgeleerdes en die onverbidde like Jode het geskreeu vir sy dood en so die vonnis oor Jesus verkry. Hulle het onskuldige bloed vergiet! Die psalmdigter het jare tevore profeties gesê, "**Hulle het van my rug 'n ploegland gemaak en daar lang vore op getrek**"

(Psalm 129:3).

## JESUS IS GEKRUISIG!

Gewoonlik was die plek waar die kruisiging plaasgevind het, buite die stad / dorp. Die veroordeelde moes die houtkruis deur die strate dra na hierdie plek. Die veroordeelde se misdaad waaraan hy skuldig bevind is, is op 'n bord geskryf en om sy nek gehang sodat ander dit kon sien. Die soldate was genadeloos deurdat slegs die skaamdele bedek is met 'n klein stukkie doek terwyl die res van die liggaam onbedek gelaat is. Hulle moes die uiterste hitte van die dag en die koue van die nag verduur. Die veroordeelde se rug sou soos 'n geploegde land wees.

Op die plek van die kruisiging moes die veroordeelde op die houtkruis lê met uitgestrekte hande en die bene oor mekaar. Dan is hulle hande en bene óf vasgebind of vasgekap met spykers. Jesus se hande en voete is vasgekap! Jesus is Vrydag aan die kruis gespyker. Die kruis is dan in 'n gat geplaas en opgehys met touwerk. Die vasgenaelde persoon hang dan tussen hemel en aarde. Aangesien Saterdag die Sabbat was vir die Jode, sou hulle nie toelaat dat die liggaam aan die kruis hang op daardie dag nie. As die veroordeelde op die Vrydag self gesterf het, sou sy hande of bene nie gebreek word nie, maar as hy nog aanhou lewe het, sou die soldate sy hande of bene breek, die pyn vererger en die dood verhaas. Soms het hulle vir dae aan die kruis gehang, kranksinnig geword en vreeslik geskreeu en dan in totale verwarring gesterf.

In hierdie geval het Jesus sy lewe opgegee na die sesde uur van sy kruisiging nog op die Vrydag. Hy is gekruisig op die negende uur, het die beker van sonde, vervloeking en siekte gedrink teen twaalfuur en die asem uitgeblaas teen drieuur die middag. Dus is sy bene nie gebreek nie. 'n Soldaat wat agterdogtig was, het die liggaam van Jesus deurboor met sy spies en so die dood van Jesus bevestig, want daar het die bloed en water uitgekom!

Jesus Christus het die sewe uitsprake aan die kruis gemaak, naamlik die volgende:

1. "Vader, vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie" (Lukas 23:34).
2. "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees" (Lukas 23:43).
3. Jesus het aan sy moeder gesê, "Daar is u seun!" Toe het Hy vir die dissipel gesê, "Kyk, daar is jou moeder!" (Johannes 19:26,27).
4. "Eli, Eli, lama, sabagtani?" Dit beteken, my God, my God, waarom het U my verlaat? (Matteus 27:46).
5. Hierna het Jesus in die wete dat alle dinge nou voltooi was, sodat die Skrif vervul sou word, gesê, "Ek is dors!"

(Johannes 19:28).

....verv. op.bls. 6

NEHEMIA RESIDENSIëLE
BYBELKOLLEGE, TSJENNAI

Bid asb. vir

Medium : Hindi/Tamil

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE (ECHO GROUP)

Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap
Asia Theological Association (ATA)

Regd. Candidate for Membership ATA NEHEMIAH BIBLE COLLEGE CHENNAI ECHO OF HIS CALL Estd. 1969

Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 53 jaar

Sertifikaat in Teologie : Een Jaar

Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër
Haas jou vir toelating!

Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org
✶ AANLYN KLASSE IS BESKKIKBAAR ✶

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

GREAT COMMISSION PARTNERS — ECHO OF HIS CALL MINISTRIES SINCE 1969

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2022 April 19 Tot 2022 Mei 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## SAKE VIR LOF EN DANK

**April 19** ➲ God het ons Paassondagdienste geseën wat op 17 April gehou is.

**April 20** ➲ God het ons in genade gehelp om onbereikte areas binne te gaan met die Evangelie.

**April 21** ➲ God het al die aktiwiteite van ons Echo of His Call Bedieninge in die laaste maand geseën.

**April 22** ➲ Laat ons God prys vir al die mederedakteurs en hulle gesinne.

**April 23** ➲ God het ons mannebediening in ons Moederkerk geseën.

**April 24** ➲ God seën ons Evangeliese literatuur in 16 tale wat op ons Drukpers gedruk is en na die sendingvelde gestuur is.

**April 25** ➲ God het ons Kinderbediening in ons Moederkerk en wykskerke geseën met meer gelowiges.

**April 26** ➲ Laat ons God loof vir ons ondersteuners vir hulle gebede en ondersteuning.

**April 27** ➲ Loof die Here vir die Staatkoördineerders en hulle kameraadskap.

**April 28** ➲ God het ons vrouebediening in ons Moederkerk geseën.

**April 29** ➲ Dank God vir sy seëninge op ons aanlyn Hindi Teologiese Kursus.

**April 30** ➲ Loof die Here vir ons **St. Paul's Matriculation School en Nehemia Bybelkollege en Korrespondensie-kursus.**

**Mei 01** ➲ Loof God vir die groot toewyding van die sendingwerkers.

**Mei 02** ➲ Loof God vir sy oorvloedige seëninge op ons Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin.

**Mei 03** ➲ Prys God dat Hy personeel van die **Echo of His Call Bediening** beskerm het teen die Coronavirus.

## SAKE VIR GEBED

**Mei 04** ➲ Bid asseblief vir die oorlog tussen Rusland en die Oekraïne en vir vrede oor die wêreld.

**Mei 05** ➲ Bid dat God die nodige fondse sal voorsien vir **Echo of His Call** se Bedienings in hierdie maand.

**Mei 06** ➲ Laat ons bid vir ale Christelike Organisasies.

**Mei 07** ➲ dat God nuwe krag sal gee aan ons Koördineerders en Pastore.

**Mei 08** ➲ Bid dat God meer toegewyde werkers na ons **Echo of His Call Bedienings** sal bring.

**Mei 09** ➲ Bid vir 'n einde van alle geweld teen vroue en kinders.

**Mei 10** ➲ Laat ons bid vir die uitroeiingvan corona in alle lande van die wêreld.

**Mei 11** ➲ Laat ons bid vir die werkers in ons sendingveld.

**Mei 12** ➲ Laat ons God prys vir ons Gebedsvennote, subskripsievennote, geloofsgenote lewensvennote, en Groot Opdrag-vennote en hulle gesinslede.

**Mei 13** ➲ Bid vir die bedroefde families wat hulle geliefdes verloor het vanweë die CORONA-griep.

**Mei 14** ➲ Laat ons aanhou bid vir ons Engelse Mederedakteur, Br. M. Paulraj vir volkome genesing.

**Mei 15** ➲ Bid tot God vir sukses vir ons Senior Pastoor met die skrywe van sy outobiografie.

**Mei 16** ➲ Bid vir vrede oor die hele wêreld.

**Mei 17** ➲ Bid vir die geowiges, leiers, gebedstryders van ons Moederkerk en wykskerke.

**Mei 18** ➲ dat God steeds ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin sal beskerm teen alle bose magte.

*verv. v. bls.4*

6. En toe Jesus die suur wyn ontvang het, het Hy gesê, "Dit is volbring!" (Johannes 19:30).

7. Toe het Jesus met 'n harde stem uitgeroep. Hy het gesê, "Vader, in u hande gee ek my gees oor". Toe Hy dit gesê het, het Hy sy laaste asem uitgeblaas (Lukas 23:46).

## JESUS HET NIE SY LEWE WEGGEGOOI NIE!

Jesus het in die wêreld gekom as 'n onskuldige lam, as 'n "offer".

"Omdat die bloed van bulle en bokke onmoontlik die sondes kan wegneem . Daarom, toe Hy in die wêreld ingekom het, het Hy gesê:

**"Dit is nie diereoffer en graanoffer wat U wou hê nie, maar die liggaam wat U My gegee het. Brandoffers en sondeoffers het U nie behaag nie!"** (Hebreërs 10:4-7).

Die dood van Jesus as 'n offer was dus vooraf bepaal! Die Bybel sê "**God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê**" (Johannes 3:16). Jesus self het gesê,

**"Moses het die slang in die woestyn hoog op 'n paal gesit; so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê"** (Johannes 3:14,15).

## DIE OPSTANDING VAN JESUS!

Jesus is Vrydag aan die kruis gespyker. Maar Hy het uit die dood opgestaan op die derde dag, vroeg die Sondagmôre! Die dood kon Hom nie vashou nie! Om sy eie woorde te gebruik, Hy het gesê:

**"dit is Ek, die Eerste en die Laaste, Amen. Ek het die sleutels van die dood en die doderyk"** (Openbaring 1:18).

Voor die dood en opstanding van Jesus, het die dode onder die regverdiges gerus in die boonste kamer van Hades (Jesaja 57:2) terwyl die siele van die goddeloses in die laer kamer was waar daar nimmereindigende vuur en swawel was. Die gestorwe regverdiges, hoewel hulle nie gemartel is nie, was blootgestel aan die lawaai en uitroepe van die goddelose dode wat onder gelê het. Die gees van Jesus het afgedaal na Hades, die Evangelie verkondig aan die rustende regverdiges en hulle teruggebring na die derde hemel, die Paradys! (2 Korintiërs 12:2-4, Efesiërs 4: 8, 9; Psalm 68:18). Jesus het aan die regverdige dode (vanaf Abel tot Johannes die Doper) waardigheid gegee en erkenning van hulle werk. Ons oordeel nie oor Adam nie. As die eerste man wat deur God gekies is, mag die gevalle Adam genade ontvang van die Almagtige God.

## JESUS STUUR 'N ANDER TROOSTER!

Die opgestane Jesus Christus, wat aan die regterhand van God in die hemel sit, het die Heilige Gees gestuur, die Trooster, soos ons sien in Handelinge 2:1. Nou is Jesus nie langer dood nie, Hy is heeltemal lewendig en leef onder ons! Die Bybel sê, Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?

**"Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?"** (Romeine 8:32).

## WAT IS PAULUS SE ONDERVINDING?

Paulus het gerebelleer teen die mense van God. Hy het aan die stam van Benjamin behoort. Hy het die wet bestudeer. Hy was 'n Fariseër. Volgens die wet kon hy nie vervolg word nie. Maar op sy pad na Damaskus saam met sy vriende, gewapen met 'n brief van die Hoëpriester om die Christene te vervolg wat in Damaskus gewoon het, is hy skielik neergeslaan deur 'n ligstraal. Hy kon nie sien nie. Die Here Jesus het met hom gepraat. Hy het gesê, "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?" En Paulus het gevra, "Wie is U, Here?" En die Here het gesê, "Ek is Jesus vir wie jy vervolg. Jy maak jouself net seer deur My te vervolg". Die man het verstom en bewend gevra: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" En die Here het vir hom gesê, "Staan op en gaan na die stad toe. Daar sal vir jou gesê word wat jy moet doen." (Handelinge 9:4-6). Daar het Ananias, 'n dissipel van Jesus, hom ontmoet en vir hom gebid. Hy het sy gesig herwin. Die Here het die rebel uitgekies om die evangelie te verkondig aan die konings en heidene. Toe het hy die voorste dissipel van Jesus Christus geword en hom gereed gemaak om selfs te sterf vir die verspreiding van die evangelie. Die Here roep alle mense om Hom te dien. Hy het God gedien tot sy laaste asem toe!

## WAT 'N INDIVIDU KAN DOEN

Paulus vertel sy eie ondervinding. "**Ek is saam met Christus gekruisig**". In eenvoudige taal, hy het met Christus gesterf en die persoon wat nou in hom leef, dit is Christus!

Dit is die wil van God dat almal in die kudde van Christus sal inkom, die grootste geskenk van Redding sal ontvang en vir Hom leef en in die Koninkryk van God sal ingaan. Paulus smeek almal:

**"En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen."** (Romeine 12:1).

Hy sê ook, "**...Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is**" (Romeine 12:2). Die Here wil hê elkeen moet 'n toegewyde lewe saam met Hom leef en in die wederkoms, wanneer ons die basuin van God hoor, die ondervinding hê van transformasie, opgaan na die hemel en die Here Jesus in die wolke ontmoet in die lug en opgewek word deur die opwekkingskrag van Jesus en ingaan by die poorte van die hemel en die Vader, die Almagtige ontmoet wat op sy troon sit (Psalm 11:4).

## WAARHEEN GAAN DIE WÊRELD?

Die wêreldse mense word verlok deur Satan met sy bedrieglike maniere en hy sleep hulle in na die duiselingwekkende en verleidelike plesier van die wêreld, beroof hulle van hulle vrede en maak hulle waansinnig en dryf hulle in sy wêreld in. Die wêreld floreer nou op sy vertoning! Hulle besef nie dat dit strikke van die dood is wat rondom hulle gestel word nie! Hulle luister selde na die Woord van God. Die lering van die kruis is vir hulle haatlik. Hulle spog oor baie dinge van hulleself en die wêreld. Hulle spog met hulle paleisagtige huise, hulle lang slap motors, die rykdom wat tot hule besikking is, hulle bankbalans, vrou en kinders en so voorts, maar hulle is beroof van Christus. Die pandemie van Covid 19 het baie van hulle weggevee in 'n kort tyd. Mense het rondgestorm vir 'n suurstofsilinder! Baie is dood daarsonder. Die wolkbreuke het die lewe moeilik gemaak in baie dele van die wêreld. Onlangs het hulle in Europese lande en in China reën gekry wat rekords van meer as 1000 jaar oortref het! Grondverskuiwings, vulkaniese uitbarstings, aardbewings en dies meer maak die lewe moeilik vir die mense. Nogtans verneder hulle nie hulleself nie en hou nie op om te spog oor hulle besittings nie! Die Bybel sê:

"**So sê die Here: Die wyse man moet nie in sy wysheid roem nie, die soldaat nie in sy krag nie, die ryk man nie in sy rykdom nie. Laat hom wat wil roem, daarin roem dat hy insig het en My ken. Ek is die Here. Ek bewys liefde, reg en geregtigheid op die aarde, want dit is wat Ek wil hê, sê die Here**" (Jeremia 9:23,24).

Op die aarde beoefen die Here self liefde, reg en geregtigheid. Die Here is oppermagtig. Daar is geen mag op aarde of in die hemel wat hoër is as die Here Jesus Christus wat hemel en aarde gemaak het nie. Dis die rede waarom Paulus sê:

"**Maar wat my betref, mag God verhoed dat ek ooit oor iets anders roem as oor die kruis van ons Here Jesus Christus, deur die kruis is die wêreld vir my dood en ek vir die wêreld**" (Galasiërs 6:14).

Vir Paulus is die wêreld nie wyd oopgegooi nie, maar is gekruisig of beperk. En hy vir die wêreld. Die wêreld kan hom nie gebruik soos dit wil nie, maar is gekruisig! 'n Man van God het 'n lied gekomponeer in Tamil, "Menmai Parattuven".

***Ek sal sy Naam groot maak***
***Ek sal sy Naam groot maak***
***Ek sal net die liefde van Jesus besing!***
***Die kruis is my horing, die kruis is my toevlug,***
***Lof aan U, Jesus, Lof aan U.***
***Loof die Jesus van Golgota!***
***Ek is gekruisig, ek is gekruisig***
***Dit is nie myself nie, maar Jesus***
***Wat ek sal vertoon!***
***Die kruis sal ek dra, die kruis sal ek dra,***
***Ek sal lyding verduur***
***Vir die heerlikheid van Jesus!***

Dit behoort die lied van elke Christen te wees!

Ons God is 'n Drie-enige God. Hy manifesteer Homself as

*....verv. op.bls. 9*


## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60@telkomsa.net**

**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

**(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)**

**"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15**

## GOEIE OMSTANDIGHEDE WAT GOD VOORSIEN HET!

Nadat ek my primêre skoolopleiding in 'n Staatskool voltooi het in 'n klein dorpie Kannatuvilai,




Government School, Kannatuvilai



Hacker Memorial Upper Primary School



Government High School, Eranial




Lakshmipuram College

het my ouers my ingeskryf by 'n Christelike Middelskool, Hacker Memorial Upper Primary School, in Neyyoor met die bedoeling dat ek geestelik opgevoed moet word. In hierdie skool het ek vir die eerste keer Engels geleer vanaf Graad 6. Dit was in 'n klein dorp, Neyyoor wat 5 kilometer van my huis af was. My ouers het my daarin geoefen om elke dag 10 kilometer te loop heen en terug. Ek is aangetrek deur die liefde, wysheid, toewyding en opoffering van die onderwysers van daardie skool. Daarna het ek studeer aan die Staatshoërskool, Eranial en Lakshmipuram Kollege van Lettere en Wetenskap in Neyyoor.




*Photo taken on the retirement day of Mr. C. Devadhas (Sitting : 4th person from Left to Right)*

My onderwyssers, mnr. C. Devadhas, mnr. Sundararaj, mev. B. Annabai Moses, mev. Stella Hepsibah Chellappa and mev. J. Saroja Thangavadivu het 'n belangrike rol gespeel daarin om my op te hef en te motiveer.



*mev. B. Annabai Moses, mev. Stella Hepsibah and mev. J. Saroja Thangavadivu (Left to Right)*

Die goddelike liefde en besorgdheid wat die onderwysers aan my betoon het, het my gelei na die lewende God, Jesus Christus. Hulle het my ook geleer om die arm mense lief te hê en die verdruktes met gestremdhede. Die onderwysers van daardie skool het my ook baie diep geheime uit die Bybel geleer. Ek het op 'n jong ouderdom die volgende hoofstukke in die Bybel uit my kop geleer: Psalms 1, 2, 23, 91, 121, en 136, 1 Korintiërs Hoofstuk 13, Matteus Hoofstukke 4, 5, 6. Ek het ook die belangrikheid geleer van harde werk, eerlikheid en om reguit te wees. Hierdie ondervindings het my slegs gemotiveer om die St. Paul's Matriculation School te begin en te bestuur toe ek groot geword het. My beste klasmaats Br. B. Immanuel Manoharan, Ds. Sam Yesudas, Br. Charles Pern Bentley, Br. Humphry Winister, Br. Thangarasal, Br. Harrison Festus Joel, Br. Ravi Devadhanam,



Bro. B. Immanuel Manoharan



(wyle) Bro. G. Jeyananda Paulmony

Br. D.D. Rajan, Br. Audson Mohan, Ds. Dr. A. Selvaraj, en Br. G. Jeyananda Paulmony was my geestelike vriende. Hulle is nou die dienaars van ons Here Jesus Christus op die voorfront, maar twee van hulle, nl. Br. Harrison Festus Joel en Br. G. Jeyananda Paulmony is nou by die Here.

So het die Here God stap vir stap 'n sterk fondament gelê sodat ek daar sou uitkom as 'n dienaar van God wat kon lief wees vir die bediening van die Here met 'n diepte van spiritualiteit.

■ ■ ■

*verv. v. bls.7*

Christus, as die Engel van die Here, dit is die Here van seën en beskerming; Hy manifesteer Homself as God, die Here van aksie; en die Here God, die opperste God wat alles gee. Hy het nog 'n ander manifestasie, die God van Ewigheid, dit wil sê teenwoordig voor die skepping, gedurende die skepping en na die skepping. Dis die rede waarom ons God 'n ontsagwekkende God is! Paulus wil die Here beter en beter ken. Hy was nie tevrede met die blote kennis van Jesus as die Christus nie. Jesus self het gesê, "**En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is**" (Johannes 17:3).

In sy soeke na Christus sê Paulus dat hy die dinge wat hy vroeër as wins beskou het, dit is sy afkoms, rykdom, kennis van die wet, Romeinse burgerskap, ens. alles reken as verlies terwille van Christus. Vir die uitnemendheid van die kennis van Christus het hy alle dinge as verlies beskou. Om Christus te wen, het hy alles as verlies beskou. Hy wou Hom ook ken en die krag van sy opstanding en die deelname aan sy lyding, om gelyk te word aan sy dood. (Filippense 3:7,10,11).

Vader Berchmans sing:

O my Koning, u teenwoordigheid is genoeg,

Altyd genoeg vir my,

U teenwoordigheid, u teenwoordigheid

U goddelike teenwoordigheid!

Steeds beter ken ek U,

Steeds nader aan U!

## JESUS ROEP!

**Kom na My toe almal wat swaarkry en oorlaai is, En Ek sal julle rus gee** (Matteus 11:28).

Hierdie oproep is nie net vir sy eie mense, die Jode, nie, maar vir die hele wêreld, ongeag watter nasie, ras of taal. Jesus het gesê, "**Ek bestraf en tug elkeen wat Ek liefhet. Laat dit dan vir julle erns wees en bekeer julle. Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My**" (Openbaring 3:19,20).

Die Bybel sê, "**Hy is die versoening vir ons sondes; en nie net vir óns sondes nie, maar ook vir dié van die hele wêreld**" (1 Johannes 2:2).

Jesus het die kruis omhels vir die redding van die wêreld. Die Here wou sy koninkryk vul met 'n groot skare mense vanaf die eerste segment, dit wil sê vanaf Adam tot Jesus Christus! Hy het planne gehad vir 'n ander segment deur sy regering van duisend jaar as die Koning van die konings in die wêreld! Dan sou Hy nie nog 'n keer sterf nie wanneer die inwoners dié mense is wat God uitgekies het uit die 12 stamme van die Jode deurdat hulle voorkoppe verseël is deur die engele gedurende die verdrukking.

Nou vloei daar genade en ontferming vanaf die kruis! In die verre verlede het mense genade gevind vanaf die ark wat binne-in die allerheiligste gehou is agter 'n lang gordyn. Maar nou is dit die kruis van Jesus! Mense wat opkyk na die kruis sterf aan hulleself en lewe vir Christus. En dié wat lewe, lewe vir Christus en beërf die koninkryk van God.

## OPROEP AAN DISSIPELS!

Die oproep aan dissipels is verskillend van dié wat aan gelowiges gerig word. Die roeping van dissipels behels groter lyding en opoffferings. Dis nie vir almal maklik om hulleself, familie en tuiste af te gee nie. Maar vir hulle wat sulke wêreldlike dinge afstaan en Jesus volg, is dit 'n groot ding! Hulle sal met groter eer beloon word! Sy dissipels het so 'n roeping gekies en hulle het apostels geword. Vandag is daar baie mense wat hulle self aplstels noem sonder enige geskiedenis van opofferings, die plant van kerke, ensovoorts.

Jesus het gesê, "**As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg**" (Markus 8:34). Petrus het vir die Here gesê, "Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg". Jesus het geantwoord, "Dit verseker Ek julle: Daar is niemand wat ter wille van My en ter wille van die evangelie afgesien het van sy huis of broers of susters of moeder of vader of kinders of eiendom nie, of hy kry nou in hierdie tyd honderd keer soveel: huise en broers en susters en moeders en kinders en eiendom, saam met baie vervolging, en in die bedeling wat kom, die ewige lewe" (Markus 10:28-30). Hulle wat aan die Here gee, sal nie armoede ly nie!

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

Die kruis bring soveel seëninge vir die volgeling. Maar die lering van die kruis het vir baie soos malligheid gelyk. Hulle is gevange in die kloue van Satan en marsjeer voort na vernietiging. Nogtans behoort elke Christen wat die liefde van Christus gesmaak het en die grootheid van die kruis koester, daardie mense roep en onder die liefde van Christus bring sodat hulle ook self gered kan word. Deesdae kom duisende onder die liefde van Christus en die grootheid van die kruis! Vir ons is die lering van die kruis die krag van God! Amen!!

********

**Echo of His Call - YouTube**

Kyk asseblief na ons Echo of His Call You Tube Kanaal en teken daarop in wanneer jy die tyd stel. Dankie.

\- Redakteur

**Bid asseblief Echo of His Call Postal Courses**

TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen **'n** Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word **'n** geestelike dienaar binne **'n** paar weke! Sertifikaat in Bediening

**Vir besonderhede : Die Sekretaris Theological Correspondence Course,**
Echo of His Call, 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005. Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71858.
E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th APRIL 2022
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

***JESUS HET JOU LIEF!***

To

***GOD SEËN JOU!***

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**